
20 Padreëls


Aan die beweeg




Kyk links, kyk regs!
Broemmmmm!
Kyk net hoe jaag
daai bus verby!

Kyk links, kyk regs!
Broemmmmm!
O nee, haastige motorfiets,
gaan jy eerste!
Ons sal vir die
volgende groen lig wag.

Kyk links, kyk regs!
Haai, dis Zola! Koel!
Gee ons tog 'n
handtekening, asseblief!


Kyk links, kyk regs!
Genade!
Hou jou in!
GO
Kyk links, kyk regs!
Toet!
Ry stadiger, taxidrywer!
Vat hierdie ou dorp toe!
Ons sal vir die
volgende groen lig wag.
WAIT
Kyk links, kyk regs!
Oeps!
Dis jou verdiende loon
omdat jy probeer
windmakerig wees!


Kyk links, kyk regs!
Jaaaa yebo yesssss!
Hoe's daai vir
turbo-aangedrewe
spierkrag!
STOP
AMBULANCE
Kyk links, kyk regs!
Oi! Staan terug -
noodvoertuie ry eerste!
Sug!
Ons sal maar vir die
volgende groen lig
moet wag.
WAIT
Kyk links, kyk regs!
kyk weer regs!
Sjoe! Uiteindelik!
Maar eerder Bang
Jan as Dooie Jan!